SA EXAM PAPERS

YOUR LEADING PAST YEAR EXAM PAPER PORTAL

Visit SA Exam Papers

www.saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIOR SERTIFIKAAT/
# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1

## NOVEMBER 2020

**PUNTE: 180**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye, 'n HTML-merkersblad, 'n toevoermasker-karakterblad en 'n aparte inligtingsblad.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. As gevolg van die aard van hierdie praktiese eksamen is dit belangrik om daarop te let dat, selfs as jy die eksamen vroeg klaarmaak, jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal te verlaat voordat al die administratiewe funksies wat met die eksamen geassosieer word, gefinaliseer is NIE. Gedurende die eksamen sal die normale reëls oor die verlating van die eksamenlokaal geld.

2. As jy op die netwerk werk, of as die datalêers vooraf gelaai is, moet jy die instruksies volg wat deur die toesighouer/onderwyser gegee word. Anders sal die toesighouer 'n CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') met al die lêers wat vir die eksamen benodig word, aan jou gee. Indien 'n CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') aan jou uitgereik is, moet jy jou sentrumnommer en eksamennommer op die CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') skryf.

3. Aan die einde van die eksamen moet jy die CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') inlewer wat deur die toesighouer aan jou gegee is, met AL jou antwoordlêers daarop gestoor, OF jy moet seker maak dat AL jou antwoordlêers op die netwerk/rekenaar gestoor is, soos wat deur die toesighouer/onderwyser aan jou verduidelik is.

4. Maak absoluut seker dat al die lêers gelees kan word. MOENIE onnodige lêers/lêergidse stoor NIE **en MOENIE duplikaat-antwoordlêers/-lêergidse inlewer NIE. MOENIE enige oorspronklike lêers waarop jy nie gewerk het nie, verwyder NIE.**

5. Die inligtingsblad wat saam met die vraestel verskaf word, **MOET NA AFLOOP VAN DIE DRIE-UUR-EKSAMENSESSIE INGEVUL WORD**. Lewer dit aan die einde van die eksamen by die toesighouer in.

6. 'n Kopie van die meesterlêers ('master files') sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer is, mag jy die toesighouer vir 'n ander kopie vra.

7. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae. Beantwoord AL die vrae.

8. Lees deur elke vraag voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat die vraag vereis NIE.

9. Lees die vraag noukeurig deur aangesien akkuraatheid in berekening gebring sal word.

10. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur die lêernaam wat in die vraestel gegee word, te gebruik. Stoor jou werk gereeld as 'n voorsorgmaatreël teen moontlike kragonderbrekings.

11. Jy mag GEEN hulpbronmateriaal gebruik NIE.

12. Maak seker dat die streeksinstellings ('regional settings') op 'South Africa' ingestel is en dat datum- en tydinstellings, nommerinstellings en geldeenheidinstellings ('currency settings') korrek ingestel is.

13. Vir alle woordverwerkingsvrae moet jy die taal op 'English (South Africa)' stel. Neem aan dat die papiergrootte A4 Portret ('Portrait') is, tensy anders aangedui. Gebruik sentimeter as maateenheid.

14. Formules en/of funksies moet vir ALLE berekeninge in sigbladvrae gebruik word. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig, om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.

    **LET WEL:** Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al word veranderinge aan die bestaande data gemaak.

15. Jy mag NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word gebruik om die HTML-vraag te beantwoord NIE.

16. Die eksamenlêergids/CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') wat jy saam met hierdie vraestel ontvang, bevat die lêers wat hieronder aangedui word. Maak seker dat jy al die lêers het voordat jy met hierdie eksamen begin.

| | |
|---|---|
| • 1Pyramids | Woordverwerkingslêer |
| • 1Structure | Woordverwerkingslêer |
| • 2Building | Woordverwerkingslêer |
| • 3Tourists | Sigblad |
| • 4Visitors | Sigblad |
| • 5Andrews | Prent |
| • 5Egypt | Databasis |
| • 6_1NatGeo | HTML-lêer |
| • 6_2Facts | HTML-lêer |
| • 6Group | Prent |
| • 7Invitation | Woordverwerkingslêer |
| • 7Mail | Databasis |
| • 7Years | Sigblad |

**SCENARIO**

Die piramides by Giza, Egipte, is een van die Sewe Wonders van die Antieke Wêreld.

Daar word van jou verwag om met dokumente oor die piramides te help.

## VRAAG 1: WOORDVERWERKING

Maak die **1Pyramids**-woordverwerkingsdokument, wat inligting oor die piramides bevat, oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of die bladsyonderskif ('footer') in.

1.1 Verander die prent boaan die eerste bladsy soos volg:

- Stel die breedte van die prent na 21 cm.
- Skuif die prent na die boonste rand van die bladsy sodat dit oor die boonste, linker- en regterkantruimtes van die bladsy strek, soos hieronder getoon.
- Verwyder al die leë paragrawe onder die prent.




(3)

1.2 Redigeer die opskrif 'Amazing Facts about the Great Pyramids of Giza' onder die prent soos volg:

- Verwyder die skrap('strikethrough')-effek.
- Strek ('Expand') die karakterspasiëring met 1.5 pt.
- Sentreer die opskrif. (4)

1.3 Gebruik die outeur en die datum wat in die teks onder die opskrif 'Amazing Facts about the Great Pyramids of Giza' gegee word om 'n webtuistebron in die APA-styl by die dokument te voeg. (4)

1.4 Gebruik 'n woordverwerkingseienskap om al die onbreekbare ('nonbreaking') spasies in die dokument met normale spasies te vervang.

Maak seker dat slegs EEN normale spasie in plaas van 'n onbreekbare ('nonbreaking') spasie verskyn. (2)

1.5 Verander die inkepinginstellings ('indentation settings') op die liniaal ('ruler') van die paragraaf wat met 'One of ...' begin soos volg:

- Stel die eerste reël se inkeping ('first line indent') op 2 cm.
- Stel die regterkant-inkeping ('right indent') op 14 cm. (3)

1.6 Verander die reël- en paragraafspasiëring van die tweede paragraaf wat met 'The grand …' begin soos volg:

- Stel die paragraafspasiëring ná ('paragraph spacing after') op 8 pt.
- Stel die reëlspasiëring na veelvoudig ('multiple') op 1.4. (3)

1.7 Gebruik 'n paragraafinstelling ('paragraph setting') om seker te maak dat die opskrif 'Insert here' altyd as die eerste reël van 'n nuwe bladsy sal verskyn. (1)

1.8 Vind die opskrif 'Insert here'.

Voeg die **1Structure**-woordverwerkingsdokument wat in jou eksamenlêergids gevind word, onder die opskrif in sodat dit as 'n ikoon ('icon') verskyn. (3)

1.9 Vind die prent onder die opskrif 'Dimensions' en doen die volgende:

- Formateer die prent sodat die teks onderaan die prent nie vertoon nie.
- Verander die byskrif ('caption') 'Dimensions of the Great Pyramid' sodat die byskrif-etiket ('caption label') as 'Structure' vertoon.
- Stel die byskrif-etiketnommering ('caption label numbering') na die a,b,c, …-nommeringformaat. (3)

1.10 Voeg 'n tekswatermerk ('text watermark') soos volg in:

- Gebruik die teks 'Ancient'.
- Vertoon die watermerk slegs op die eerste bladsy. (3)

Stoor en maak die **1Pyramids**-dokument toe. **[29]**

## VRAAG 2: WOORDVERWERKING

Maak die **2Building**-woordverwerkingsdokument, wat inligting oor die geheime van die piramides bevat, oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of bladsyonderskif ('footer') in.

2.1 Redigeer die dekblad ('cover page') soos volg:

- Voer die instruksie in die 'Author'-vormkontrole uit.
- Verwyder die 'Abstract'-vormkontrole. (2)

2.2 Verwyder bladsyrame ('page borders') uit die dokument. (1)

2.3 Gebruik style ('Styles') en voeg 'n inhoudsopgawe ('table of contents') soos volg op die tweede bladsy in:

- Verander ALLE opskrifte wat met die 'Heading 2'-styl geformateer is na die 'Heading 1'-styl.
- Voeg 'n tweevlak-inhoudsopgawe in deur die 'Title'-styl as vlak 1 en die 'Heading 1'-styl as vlak 2 te stel. (3)

2.4 Voeg outomatiese bladsynommering van jou keuse in die bladsykantlyn ('Page Margins')-posisie aan die linkerkant van die bladsy in.

Die bladsynommer ná die Inhoudsopgawe-bladsy moet as 'Page 1' begin. (3)

2.5 Vind die tabel onder die opskrif 'The overall precision of the Great Pyramid is breathtaking' en skakel die tabel om na teks om soos volg te vertoon:

Neem kennis van die volgende:

- Die tabel-instelling ('tab setting') is op 4 cm gestel.
- Die inkeping-instellings ('indent settings')
- Die inlynstelling ('alignment')
- Die paragraafraam ('paragraph border')

| Topic | Facts |
|---|---|
| Base length | 750 feet long at each base |
| Four corners | Situated along the four cardinal points: north, south, east and west |
| Circumference | The ratio of its circumference to its original height is equal to the value of pi: 3.14. This is something that's not supposed to have been known for more than another millennium. Their mathematical and astronomical knowledge, and the acquisition of it remains a complete mystery to modern-day scholars. |
| Geography | They were also amazing geographers, perhaps one of the greatest mysteries is the fact that the Great Pyramid is positioned exactly at the latitude and longitude lines that contain more land and less sea than any other place on Earth. It's right in the 'geographical' centre of the Earth. This fact alone (out of many) suggest that the builders also knew a great deal about the geography of our planet. It's hard to imagine they could complete all of this without some sort of aerial view. The manner that this knowledge was obtained remains a mystery. |
| Position on earth | There is a meridian running through the pyramids that divides the continents and oceans into two equal halves. |
| Ratio | The Great Pyramid's base is at 1:43,200 which is a mathematical representation of the Northern Hemisphere. |


(5)

2.6 Vind die sitaat ('citation') na die bron 'Hancock' en redigeer die sitaat sodat slegs die outeur se naam en die bladsynommer as 433 vertoon. Die bron moet NIE verander word NIE. (2)

2.7 Vind die prent van die piramides boaan die laaste bladsy en formateer die prent om soos hieronder te vertoon.

**LET WEL:** Die teks wat die buitelyne van die piramides omring, mag anders vertoon.

"It's the precise configuration for 10,450 BC that we see on the Giza plateau – as though a master-architect came here in that period and decided to lay out a huge map on the ground using a mixture of natural and artificial features. He used the course of the Nile Valley to depict the Milky Way, as it looked then. He built the three pyramids to represent the three stars, exactly as they looked then. And he put the three pyramids in exactly the same relationship to the Nile Valley as the three stars then had to the Milky Way. It was a very clever, very ambitious, very exact way to mark a period – to freeze a particular date into architecture if you like." – Robert Bauval (Reference)



(3)

2.8 Voeg 'n kruisverwysing ('cross reference') op die teks 'Reference' na die boekmerk ('bookmark') 'ForEver' in.

Vertoon slegs die bladsynommer. (2)

Stoor en maak die **2Building**-dokument toe. **[21]**

## VRAAG 3: SIGBLAD

**LET WEL:**

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in dieselfde kolom kopieer (afkopieer/'copy down').
- Voeg formules en/of funksies op só 'n manier in dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander die bestaande data.
- Gebruik die toegekende spasie in die sigblad indien jy boublokke wil gebruik.

Maak die **3Tourists**-sigblad, wat data oor die aantal toeriste na Egipte bevat, oop.

Werk in die **Data**-werkblad.

3.1 Formateer **ry 1** soos volg:

- Voeg **selle A1:I1** saam en sentreer dit ('merge and centre').
- Vergroot die fontgrootte van die teks na 13. (2)

3.2 Voeg 'n geskikte datumfunksie in **sel C3** in om die maand van die datum in **sel A3** te onttrek. Maak seker dat die nommer van die maand korrek vertoon. (2)

3.3 Voeg 'n funksie in **sel C4** in om die gemiddelde aantal toeriste te bepaal wat Egipte (**kolom H**) per maand besoek het.

Formateer die antwoord na GEEN desimale plekke. (3)

3.4 Die hoogseisoen ('peak season') vir toerisme in Egipte is van Oktober tot Mei en die buiteseisoen ('off-peak season') is van Junie tot September.

Gebruik die SUMIF-funksie in **sel C5** om die totale getal toeriste wat Egipte tydens die hoogseisoen (**kolom B**) in 2019 (**kolom G**) besoek het, te bepaal. (3)

3.5 Die totale in **kolom H** moet die totale getal toeriste per maand vanaf 2015 tot 2019 bereken, maar dit gebeur nie soos verwag vir al die maande nie.


Voeg 'n formule in **sel I8** in om die teks 'Correct' te vertoon as die totaal in **kolom H** met die totale getal toeriste vanaf 2015 tot 2019 ooreenstem, anders moet die teks 'Error' vertoon.

Kopieer die formule na die ander selle af. (7)

3.6 Gebruik 'n sigbladeienskap om 'n vulkleur ('fill colour') van jou keuse op die **selreeks C8:G19** toe te pas wanneer die getal toeriste laer as die gemiddeld vir die vyf jaar (2015 tot 2019) is. (3)

Werk in die **Chart_Grafiek**-werkblad.

3.7 Redigeer die grafiek om soos volg te vertoon:




(7)

Stoor en maak die **3Tourists**-sigblad toe. **[27]**

## VRAAG 4: SIGBLAD

**LET WEL:**

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in dieselfde kolom kopieer (afkopieer/'copy down').
- Voeg formules en/of funksies op só 'n manier in dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander die bestaande data.
- Gebruik die toegekende spasie in die sigblad indien jy boublokke wil gebruik.

Maak die **4Visitors**-sigblad, wat data oor besoekers aan die piramides bevat, oop.

Werk in die **Pyr_Pir**-werkblad.

4.1 Formateer die werkblad soos volg:

- Verander die bladsy-oriëntasie na landskap.
- Maak seker dat **ry 2** boaan elke bladsy herhaal sal word wanneer jy die werkblad druk. (2)

4.2 Gebruik 'n kombinasie van teksfunksies in **sel D3** om SLEGS die teks ná die '@'-teken uit die e-posadres in **kolom C** te onttrek.

Voorbeeld: Indien die e-posadres zulul@in.com is, moet SLEGS in.com vertoon. (5)

4.3 Gebruik 'n geskikte opsoekfunksie ('lookup function) in **sel F4** om die ligging van die piramide in **ry 4** te bepaal deur die kode in **kolom E** en die opsoektabel ('lookup table') in die **Code_Kode**-werkblad te gebruik.

Maak seker dat hierdie funksie die korrekte antwoorde sal vertoon indien dit na die ander selle in **kolom F** gekopieer word.

**LET WEL:** MOENIE die funksie na die ander selle kopieer NIE. (5)

4.4 Gebruik 'n formule in **sel H5** om die ouderdom van 'Gabriel Wilmar' in voltooide jare te bepaal deur die geboortedatum in **kolom G** en die huidige datum te gebruik. (6)

4.5 Voeg 'n geneste IF-funksie (-formule) in **sel I14** in om 'Ja' te vertoon indien 'n besoeker onder die ouderdom van 60 (**kolom H**) is EN Giza (**kolom F**) besoek het, anders moet 'Nee' vertoon. (5)

Stoor en maak die **4Visitors**-sigblad toe. **[23]**

## VRAAG 5: DATABASIS

'n Databasis is geskep om data oor toeriste en die piramides wat hulle kies om te besoek, te stoor.

Maak die **5Egypt**-databasis oop.

5.1 Verander die **tbl5_1**-tabel soos volg:

5.1.1 Verander die 'Indexed'-veldeienskap ('Indexed field property') van die *TSurname*-veld om vir duplikaatwaardes voorsiening te maak. (1)

5.1.2 Vertoon die datum in die *TBirthDate*-veld in die 'Short Date'-formaat. (1)

5.1.3 Verander die *TAge*-veldeienskappe ('field properties') om die ouderdom sonder desimale te vertoon. (1)

5.1.4 Stel die veldeienskappe ('field properties') van die *EContact*-veld sodat die gebruiker slegs teks kan insleutel wat 'n '@'-teken bevat. (3)

5.1.5 Stel die *TType*-veld op 'n geskikte veldgrootte. (1)

5.1.6 Skep 'n toevoermasker ('input mask') vir die gebruiker om data in die volgende formaat in te voer:

- Onderkas('Lowercase')-letters
- Die eerste karakter is 'n punt (.), gevolg deur
- TWEE verpligte letters, gevolg deur
- EEN opsionele letter

**LET WEL:** Die punt moet vertoon wanneer 'n rekord gekies word. (4)

5.1.7 Sentreer die inhoud van die *PyramidCode*-veld. (1)

5.1.8 Skep 'n kombinasielys ('combo box') vir die *PyramidSite*-veld deur die **tblSites**-tabel te gebruik. (2)

5.1.9 Verander na databladaansig ('Datasheet View').

Voeg die **5Andrews**-prentjie, wat in jou eksamenlêergids gevind word, in die *TPhoto*-veld vir die reisiger 'Andrews Peter' in. (2)

Stoor en maak die **tbl5_1**-tabel toe.

5.2 Maak die vorm met die naam **frm5_2** in ontwerpaansig ('Design View') oop en doen die volgende:

- Verander die volgorde van die velde na *TSurname*, *TName*, *EContact, TPhoto*.
- Vervang die opskrif in die vormboskrif ('form header') met jou eksamennommer.
- Voeg die *Date*-veld in die vormboskrif in.
- Skakeer die *EContact*-veld met enige ligte kleur van jou keuse.

Stoor en maak die **frm5_2-**vorm toe. (4)

5.3 Maak die **qry5_3**-navraag in ontwerpaansig ('Design View') oop.

Verander die navraag sodat dit die totale getal piramides op die Giza-terrein vertoon.

Stoor en maak die **qry5_3**-navraag toe. (3)

5.4 Maak die **qry5_4**-navraag in ontwerpaansig ('Design View') oop en doen die volgende:

- Sorteer eers die navraag volgens die *Surname*-veld en dan volgens die *Name*-veld.
- Vertoon die rekords van die besoekers wat voor 1960 gebore is en wie se domeintipe 'org' of 'edu' is.
- Toeriste ontvang 'n 15%-afslag op die besoekerskoste (*VisitorsCost*). Voeg 'n berekende veld met die naam *Payable* in om die bedrag te bepaal wat na afslag betaalbaar is.

Stoor en maak die **qry5_4-**navraag toe. (9)

5.5 Skep 'n verslag met die naam **rpt5_5**, wat op die **tblVisitors**-tabel gebaseer is, om die rekords soos volg te vertoon:

rpt5_5

| Pyramid | Name | Surname | VisitorsCost |
|---|---|---|---|
| Bent Pyramid | | | |
| | Fulton | Morale | R 14 955.00 |
| | Athena | Patel | R 14 835.00 |
| | | Maximum Amount: | R 14 955.00 |
| Buried Pyramid | | | |
| | Jan-Harm | Steenkamp | R 14 759.00 |
| | Ernst | Jordaan | R 13 980.00 |
| | James | Murray | R 10 986.00 |
| | Troy | Gentry | R 14 210.00 |
| | Harriet | Delane | R 13 221.00 |
| | Nozipho | Cele | R 13 030.00 |
| | Andries | Bester | R 10 075.00 |
| | | Maximum Amount: | R 14 759.00 |
| Headless Pyramid | | | |
| | Hendrik | Fourie | R 14 670.00 |
| | Kaitlin | Cusana | R 14 314.00 |
| | Sylvia | Hebert | R 14 164.00 |
| | Sammy | Nel | R 13 016.00 |
| | Alexis | Stone | R 12 225.00 |
| | | Maximum Amount: | R 14 670.00 |

Neem kennis van die volgende:

- Die velde wat vertoon
- Groepering
- 'n Berekening
- Die formaat van die *VisitorsCost*-veld

Stoor en maak die **rpt5_5**-verslag toe. (8)

Stoor en maak die **5Egypt**-databasis toe. **[40]**

**VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML)**

**LET WEL:**

- 'n HTML-merkersblad is vir verwysing aangeheg.
- Alle lêers wat benodig word om hierdie vraag te voltooi, kan in die eksamenlêergids gevind word.

EEN punt sal vir die korrekte gebruik van merkers, driehoekige hakies en korrekte nesting vir albei webblaaie toegeken word. (1)

6.1 Maak die onvolledige **6_1NatGeo**-webblad in 'n webblaaier en ook in 'n teks-/ HTML-redigeerder oop (NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word NIE).

**LET WEL:** Vraagnommers word as kommentaar ('comments') in die kodering ingevoeg om aan te dui waar jy die antwoord(e) moet invoeg. MOENIE hierdie kommentaar verwyder NIE.

# PYRAMIDS

The third of the Giza Pyramids is considerably smaller than the first two. Built by Pharaoh Menkaure, circa 2 490 B.C., it featured a much more complex mortuary temple.



Each massive pyramid is one part of a larger complex, including a palace, temples, solar boat pits and other features.

## Building Boom

The ancient engineering feats at Giza were so impressive that even today scientists can't be sure how the pyramids were built. Yet, they have learned much about the people who built them and the political power necessary to make it happen.

The builders were skilled, well-fed Egyptian workers who lived in a nearby temporary city. Archaeological digs on the fascinating site have revealed a highly organised community, rich with resources, that must have been backed by strong central authority.

It's likely that communities across Egypt contributed workers, as well as food and other essentials, for what became in some ways a national project to display the wealth and control of the ancient pharaohs.

Such revelations have led Zahi Hawass, secretary general of Egypt's Supreme Council of Antiquities and a National Geographic explorer-in-residence, to note that in one sense it was the Pyramids that built Egypt, rather than the other way around.

## The Future of the Pyramids

*Tourism to the structures has declined rapidly since the advent of the Arab Spring in 2011, when Egypt experienced a political upheaval that lasted years. The country has since been through several administration changes, and the instability means the future of tourism to the Pyramids is uncertain.*

[Aangepas uit https://www.nationalgeographic.com/archaeology-and-history/archaeology/giza-pyramids.html]

**LET WEL:** Gebruik die voorbeeld op die vorige bladsy as 'n riglyn om hierdie vraag te beantwoord.

6.1.1 Voeg HTML-merkers in om die teks te sentreer wat met 'PYRAMIDS …' begin en met '… other features' eindig. (2)

6.1.2 Vind die opskrif 'PYRAMIDS' en formateer dit soos volg:

- Pas die 'Heading 1'-styl op hierdie opskrif toe.
- Stel die font van hierdie opskrif op 'Papyrus'. (3)

6.1.3 Voeg die prentjie **6Group.jpg** in onder die eerste paragraaf wat met die teks '… complex mortuary temple' eindig. (2)

6.1.4 'n Poging is aangewend om 'n skakel op die opskrif 'The Future of the Pyramids' na die webtuiste 'www.crystal.com' te skep.

Verander die skakel sodat die webtuiste 'www.crystal.com' in die webblaaier sal oopmaak.

**LET WEL:** Moet NIE op die skakel klik NIE. (2)

Stoor en maak die **6_1NatGeo**-webblad toe.

6.2 Maak die onvolledige **6_2Facts**-webblad in 'n webblaaier en ook in 'n teks-/ HTML-redigeerder oop (NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word NIE).

**WENK:** Gebruik merkers wat in die aangehegte HTML-merkersblad gegee word.

Voltooi die webblad om soos volg te vertoon:

# Top 3 Egyptian Pyramid Facts

| No. | Question | Answer |
|---|---|---|
| 1. | Which pyramids are the most well known? | Ancient Egyptian pyramids |
| 2. | How many pyramids have been discovered in Egypt? | 130+ |

- Most Ancient Egyptian pyramids were built as tombs for pharaohs and their families.
- Saqqara is a huge ancient burial ground built near the Egyptian city of Memphis.
- For over 3 800 years, the Great Pyramid of Giza was the tallest man-made structure in the world.

Stoor en maak die **6_2Facts**-webblad toe. (10)

**[20]**

## VRAAG 7: ALGEMEEN

Verwysings na piramides word op baie ander plekke gevind.

7.1 Maak die **7Years**-sigblad oop.


7.1.1 Kopieer die data vanaf **selle A1:B6** in die **Chart**-werkblad na **selle A2:F3** in die **Data**-werkblad.

Die gekopieerde data in die **Data**-werkblad moet soos volg vertoon:

| **Tourists in Egypt from 2015 to 2019** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Year** | **2015** | **2016** | **2017** | **2018** | **2019** |
| **Number of tourists per year** | 11532 | 9464 | 9878 | 9328 | 4847 |

(2)

7.1.2 Werk in die **Chart**-werkblad. Verander die grafiek om soos volg te vertoon:




(3)

7.1.3 Stoor die piramidegrafiek as 'n **7Chart.jpg**-prentlêer in jou eksamenlêergids. (2)

Werk in die **Visitors**-werkblad.

7.1.4 'n Benoemde reeks ('named range') is reeds vir die bedrae in **kolom F** geskep.

Voeg 'n funksie in **sel J3** in wat die **benoemde reeks** gebruik om te bepaal hoeveel van die bedrae in die benoemde reeks groter as R14 000 is. (3)

7.1.5 'n Valideringsreël ('validation rule') is op **selle E2:E194** gestel om data uit die lys in **selle M4:M9** te verkry. Daar is egter foute en weglatings in die valideringslys (**selle M4:M9**), wat veroorsaak dat data in **kolom E** ongeldig is.

Maak die valideringslys ('Validation List') reg EN dateer die valideringsrëel ('Validation Rule') op sodat die data in **kolom E** geldig word.

**WENK:** Om die ongeldige data in **kolom E** te identifiseer, gebruik die omkring ongeldige data ('Circle Invalid Data')-opsie uit die datavalideringsikoon ('Data Validation icon') in die 'Data Tools'-groep. (3)

Stoor en maak die **7Years**-sigblad toe.

7.2 Maak die **7Invitation**-woordverwerkingsdokument oop.

Voltooi 'n possamevoeging ('mail merge') soos volg:

7.2.1
- Gebruik die **7Mail**-databasis as 'n databron ('data source') vir die **7Invitation**-possamevoegingdokument.
- Redigeer die databron-ontvangerlys om SLEGS die data in te sluit van die besoekers wat 'n edu-domeintipe het EN wat ná 1960 gebore is.
- Vervang die teks <<Name>> met die saamvoegveld ('merged field') *Name*.
- Voeg 'n veld in die bladsyonderskrif ('footer') van die dokument in om die datum en tyd wanneer die dokument oopgemaak is, te vertoon. (6)

Stoor die **7Invitation**-dokument.

7.2.2 Voltooi die possamevoeging en stoor die saamgevoegde dokument as **7InvitationMerge**. (1)
**[20]**

**TOTAAL: 180**

# HTML-MERKERSBLAD ('HTML TAG SHEET')

| Basiese Merkers ('Basic Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <body></body> | Definieer die liggaam van die webblad |
| <body bgcolor="pink"> | Stel die agtergrondkleur van die webblad |
| <body text="black"> | Stel die kleur van die liggaamteks |
| <head></head> | Bevat inligting oor die webblad |
| <html></html> | Skep 'n HTML-dokument – begin en eindig 'n webblad |
| <title></title> | Definieer 'n titel vir die webblad |
| <br/> | Voeg 'n reëlbreuk in ('line break') |
| <!-- --> | Kommentaar |

| Teksmerkers ('Text Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <h1></h1> | Skep die grootste opskrif |
| <h6></h6> | Skep die kleinste opskrif |
| <b></b> | Skep teks in vetdruk |
| <i></i> | Skep teks in skuinsdruk |
| <font size="3"></font> | Stel fontgrootte van "1" tot "7" |
| <font color="green"> </font> | Stel fontkleur |
| <font face="Times New Roman"></font> | Stel fonttipe |

| Skakelmerkers ('Links Tags') | |
|---|---|
| **Beskrywing** | **Beskrywing** |
| <a href="URL"></a> | Skep 'n hiperskakel |
| <a href="URL"><img src="name"></a> | Skep 'n prentskakel |
| <a name="NAME"></a> | Skep 'n teikenarea in die dokument |
| <a href="#NAME"></a> | Skakel na 'n teikenarea wat elders in die dokument geskep is |

| Formateringsmerkers ('Formatting Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <p></p> | Skep 'n nuwe paragraaf |
| <p align="left"> | Stel 'n paragraaf "left" inlyn (verstek), kan ook "right" of "center" wees |
| <ol></ol> | Skep 'n genommerde lys |
| <ol type="A","a", "I","i","1"></ol> | Definieer die tipe nommers wat gebruik word |
| <ul></ul> | Skep 'n kolpuntlys |
| <ul type="disc", "square","circle"> </ul> | Definieer die tipe kolpunte wat gebruik word |

| Formateringsmerkers ('Formatting Tags') vervolg | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <li></li> | Word voor elke lysitem ingevoeg, en voeg 'n nommer of simbool by afhangende van die tipe lys wat geselekteer is |
| <img src="name"> | Voeg 'n prent in |
| <img src="name" align="left"> | Stel 'n prent inlyn, kan "left"," right"; "bottom", "top", "middle" wees |
| <p align= "center"><img src="name"></p> | Stel 'n prent "center" inlyn |
| <img src="name" border="1"> | Stel die grootte van die raam rondom 'n prent |
| <img src="name" width="200" height ="200"> | Stel die hoogte en breedte van 'n prent |
| <img src="name" alt="alternative text"> | Vertoon alternatiewe teks wanneer die muis oor 'n prent gehou word of wanneer die prent nie gevind kan word nie |
| <hr/> | Voeg 'n horisontale lyn in |
| <hr size="3"/> | Stel die grootte (hoogte) van 'n reël |
| <hr width= "80%"/> | Stel die breedte van 'n lyn, in persentasie of absolute waarde |
| <hr color= "ff0000"/> | Stel die kleur van die lyn |

| Tabelmerkers ('Tabel Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <table></table> | Skep 'n tabel |
| <tr></tr> | Skep 'n ry in 'n tabel |
| <td></td> | Skep 'n sel in 'n tabel |
| <th></th> | Skep 'n tabelopskrif ('n sel met vetgedrukte, gesentreerde teks) |
| <table width="50"> | Stel die breedte van die tabel |
| <table border="1"> | Stel die breedte van die raam rondom die selle van die tabel |
| <table cellspacing="1"> | Stel die spasie tussen die selle van die tabel |
| <table cellpadding="1"> | Stel die spasie tussen 'n selraam en die inhoud daarvan |
| <tr align="left"> | Stel die inlynstelling vir die sel(le) ("left", kan ook "center" of "right" wees) |
| <tr valign="top"> | Stel die vertikale inlynstelling vir sel(le) ("top", kan ook "middle" of "bottom" wees) |
| <td colspan="2"> | Stel 'n getal kolomme waaroor 'n sel moet strek |
| <td rowspan="4"> | Stel die getal rye waaroor 'n sel moet strek |

Kopiereg voorbehou

## TOEVOERMASKER('INPUT MASK')-KARAKTERBLAD

| Karakter | Beskrywing |
|---|---|
| 0 | Syfer (0 tot 9, inskrywing vereis, plus[+]- en minus[–]-tekens nie toegelaat nie) |
| 9 | Syfer of spasie (inskrywing nie vereis nie, plus[+]- en minus[–]-tekens nie toegelaat nie) |
| # | Syfer of spasie (inskrywing nie vereis nie; spasies word as oop plekke vertoon terwyl in Redigeringsmodus ('Edit mode'), maar oop plekke word verwyder wanneer data gestoor word, plus[+]- en minus[–]-tekens toegelaat) |
| L | Letter (A tot Z, inskrywing vereis) |
| ? | Letter (A tot Z, inskrywing opsioneel) |
| A | Letter of syfer (inskrywing vereis) |
| a | Letter of syfer (inskrywing opsioneel) |
| & | Enige karakter of 'n spasie (inskrywing vereis) |
| C | Enige karakter of 'n spasie (inskrywing opsioneel) |
| . , : ; - / | Desimale plekhouer en duisende-, datum- en tydskeiers (Die werklike karakter hang van die instellings in die '**Regional Settings Properties**'-dialoogblokkie in die 'Windows Control Panel' af.) |
| < | Veroorsaak dat alle karakters na onderkas ('lowercase') omgeskakel word |
| > | Veroorsaak dat alle karakters na bo-kas ('uppercase') omgeskakel word |
| ! | Veroorsaak dat invoermasker van regs na links, in plaas van links na regs vertoon word. Karakters in die invoermasker getik, vul altyd van links na regs. Jy kan die uitroepteken op enige plek in die invoermasker invoeg. |
| \ | Veroorsaak dat die karakter wat volg, as die letterlike karakter vertoon word (bv. \A word slegs as A vertoon). |

Kopiereg voorbehou

| Eksamenplakker |
|---|

| |
|---|
| |
| **180** |

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1 – NOVEMBER 2020**

**INLIGTINGSBLAD** *(moet NA die 3 uur-sessie deur die kandidaat ingevul word*)

SENTRUMNOMMER ______________________________

EKSAMENNOMMER ______________________________

WERKSTASIENOMMER ______________________________

| SUITE GEBRUIK (Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (**X**)) | Microsoft Office 2013 | Microsoft Office 2016 | Microsoft Office 2019 | Office 365 |
|---|---|---|---|---|
| WEBBLAAIER GEBRUIK (Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (**X**)) | Mozilla Firefox | Google Chrome | Internet Explorer | Ander (Spesifiseer) |

LÊERGIDSNAAM ______________________________

*Lêername is vir elke antwoord ingevul. Maak 'n regmerkie indien dit gestoor en/of gepoog is.*

| Vraag-nommer | Lêernaam | Gestoor (✓) | Gepoog (✓) | Maksimum Punt | Nasiener | SN | HN | IM/EM |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | *1Pyramids* | | | **29** | | | | |
| 2 | *2Building* | | | **21** | | | | |
| 3 | *3Tourists* | | | **27** | | | | |
| 4 | *4Visitors* | | | **23** | | | | |
| 5 | *5Egypt* | | | **40** | | | | |
| 6 | *6_1NatGeo* | | | **20** | | | | |
| | *6_2Facts* | | | | | | | |
| 7 | *7Years* | | | **20** | | | | |
| | *7Chart* | | | | | | | |
| | *7Invitation* | | | | | | | |
| | *7InvitationMerge* | | | | | | | |
| **TOTAAL** | | | | **180** | | | | |

Kommentaar (*slegs vir kantoor/nasiener se gebruik)*

______________________________

______________________________

Kopiereg voorbehou